# OVERSTRAND

## MUNICIPALITY / MUNISIPALITEIT / U-MASIPALA

**NOTULE VAN 'N PUBLIEKE VERGADERING VAN DIE WYKSKOMITEE VIR WYK 11 VAN DIE MUNISIPALITEIT OVERSTRAND GEHOU OM 09:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, GANSBAAI OP DONDERDAG, 17 MEI 2012**

MINUTES OF A PUBLIC MEETING OF THE WARD COMMITTEE FOR WARD 11 OF THE OVERSTRAND MUNICIPALITY HELD ON THURSDAY, 17 MAY 2012 AT 09:00 IN THE COUNCIL CHAMBER, MUNICIPAL OFFICES, GANSBAAI

---

| | |
|---|---|
| TEENWOORDIG / PRESENT | **Councillors and ward committee members were present as per attached attendance register.** |
| AMPTENARE TEENWOORDIG / OFFICIALS PRESENT | **Mnr/Mr F Myburgh, Areabestuurder / Area Manager**<br>**Me / Ms P Ferreira, Assistent Areabestuurder / Assistant Area Manager**<br>**Mnr/Mr D Crafford: Operasionele Bestuurder / Operations Manager**<br>**Me / Ms S Swart, Administratiewe Assistent / Administrative Assistant** |

---

NOTULE / MINUTES ....

**PRESENSIELYS VIR 'N OPENBARE VERGADERING VAN DIE LEDE VAN DIE WYKSKOMITEE VIR WYK 11 VAN DIE MUNISIPALITEIT OVERSTRAND GEHOU OP DONDERDAG, 17 MEI 2012 OM 09:00 IN DIE MUNISIPALE RAADSAAL, GANSBAAI**

*ATTENDANCE REGISTER FOR A PUBLIC MEETING OF THE MEMBERS OF THE WARD COMMITTEE FOR WARD 11 OF THE OVERSTRAND MUNICIPALITY HELD ON THURSDAY, 17 MAY APRIL 2012 AT 09:00 IN THE COUNCIL CHAMBER, GANSBAAI*

| NAAM<br>*NAME* | INSTANSIE/INDIVIDU<br>*ORGANISATION/INDIVIDUAL* | HANDTEKENING<br>*SIGNATURE* |
|---|---|---|
| **RAADSLID / COUNCILLOR :** | | |
| D Coetzee | Cllr. [signature] | [signature] |
| **LEDE VAN KOMITEE : WYK 11**<br>**MEMBERS OF COMMITTEE : WARD 11** | | |
| S Cyster | Fishery Comm | [signature] |
| R Frith | [signature] | |
| M Ward | Food 4 Thought | M Ward |
| B Jones ~~(Verskoning A J S~~ | Stanford Ratepayers | [signature] |
| I Terblanche | Stanford Landbouvereniging | [signature] |
| B Jonas (Verskoning) A J Snyers | Eluxolweni Res. Ass. | [signature] |
| T Coetzer | Pearly Beach Ratepayers' Ass | [signature] |
| H Swart | Baardskeerdersbos Huiseienaars | [signature] |
| B Whittaker | Verskoning | |
| C Swart | Individual | [signature] |

**AMPTENARE / OFFICIALS :**

| | | |
|---|---|---|
| F Myburgh | Area Manager | |
| D Crafford | Overstrand | |
| P Ferreira | Bestuurder : Stanford | |
| S Swart | Adm -Asst. | |
| Liaan Geldenhuys | Omgewingsbestuur | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |

1. **OPENING EN VERWELKOMING /** OPENING AND WELCOME

**Rdl D Coetzee tree op as voorsitter en open die vergadering met gebed. Hy verwelkom almal teenwoordig.**
Cllr D Coetzee acted as chairperson and opened with prayer. He welcomed those present.

2. **KONSTITUERING /** CONSTITUTING

2.1 **Aansoeke om verlof tot afwesigheid /**
Applications for leave of absence

Me / Ms B Whittaker
Me / Ms L Jonas

**BESLUIT /** RESOLVED

**Dat verlof tot afwesigheid toegestaan word aan bogemelde lede.**
That leave of absence be granted to the above-mentioned members.

**Afwesig (sonder verlof) /** Absent (without leave)

**Geen /** None

2.2 **Personalia**

(a) **Wykskomiteelede /** Ward Members:

**Bedankings/Uitdiensstellings /** Resignations/Terminations

**Geen** / None

**Nuwe Lede /** New Members

**Geen** / None

**Verjaardae /** Birthdays

Mnr / Mr I Terblanche : 15 Mei / May
Mnr / Mr R Frith : 16 Mei / May

**Die lede word gelukgewens met hul verjaardae.**
The members were congratulated on their birthdays.

(b) **Personeel /** Staff

**Bedankings** / Resignations:

**Geen /** None

**Aanstellings/** Appointments:

Mnr / Mr A C Skots : **Verkeersbeampte /** Traffic Officer

**Die personeellid is verwelkom gedurende die vergadering vir wyk 2.**
The staff member was welcomed during the meeting for ward 2.

**Langdienstoekennings /** Long Service Awards:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Me / Ms D Harper | : | 15 jaar / years | (April 2012) |
| Mnr / Mr B Kondokter | : | 15 jaar / years | (April 2012) |
| Mnr / Mr A E Jacobs | : | 30 jaar / years | (Mei / May 2012) |
| Mnr / Mr S Ndabambi | : | 20 jaar / years | (Mei / May 2012) |

2.3 **Korrespondensie /** Correspondence

**Geen** / None

3. **BEKRAGTIGING VAN NOTULES /** CONFIRMATION OF MINUTES

3.1 **Notule van Vergadering gehou op Woensdag, 12 April 2012 /** Minutes of Meeting held on Wednesday, 12 April 2012

**BESLUIT**:

**Dat die notule van die vergadering gehou op Woensdag, 12 April 2012 goedgekeur word.**

RESOLVED:

That the minutes of the meeting held on Wednesday, 12 April 2012 be confirmed.

**VOORSTELLER /** PROPOSER: Mnr **/** Mr C Swart
**SEKONDANT /** SECONDER: Mnr **/** Mr I Terblanche

4. **TERUGRAPPORTERING DEUR VOORSITTERS /** FEEDBACK FROM CHAIRPERSONS

4.1 **Overstrand Shows Remarkable Improvement in Blue Drop Assessment**

**KENNIS GENEEM /** NOTED

4.2 **Erfskoonmaakbeleid /** Plot-clearing Policy

**Die voorsitter rapporteer dat 'n vergadering tussen die munisipale bestuurder, uitvoerende burgemeester en ander rolspelers geskeduleer is vir 22 Mei 2012. Die hersiene beleid sal gesirkuleer word vir kommentaar.**
The chairperson reported that a meeting was scheduled for 22 May 2012 between the municipal manager, executive mayor and other roleplayers. The reviewed policy will be circulated for comments.

**KENNIS GENEEM /** NOTED

4.3 **Spoedkontrole in Stanford /** Speed Control in Stanford

**Mnr B Jones rapporteer dat voorstelle in hierdie verband van Mnr J Williams ontvang is, en dat die Stanford Belastingbetalersvereniging dit met simpatie bestudeer het. Dit behels dat motoriste opgevoed word om spoed te verminder wanneer hulle 'n dorpsarea nader. Motoriste stop nie by stopstrate in Stanford nie. Me Ward versoek dat die 4-rigting stop op die hoek van Queen Victoria- en Moorestraat ondersoek word, asook die verkeersprobleme wat soggens ontstaan by die taxi-staanplek. Mnr L Isaacs word aan die woord gestel en versoek dat 'n klagte aanhangig gemaak word in hierdie verband by Me P Ferreira, sodat dit ondersoek kan word. Hy berig verder dat spoed-toepassing altyd deel van die opvoedingsproses van motoriste sal uitmaak. Die voorsitter versoek dat, aangesien Mei/Junie 2012 kinderbeskermingsmaand is, Mnr Myburgh namens wyk 11 'n skrywe aan die verkeersdepartement rig. Me Ward versoek dat 'n wit lyn in Dreyerstraat gevestig word en kinders opgevoed word om slegs van die voetganger-oorgang gebruik te maak.**
Mr B Jones reported that certain proposals were received from Mr J Williams with regard to speel control in Stanford and that the Standford Ratepayers' Association looked at these proposals with sympathy. He requested inter alia that motorists be educated to slow down when approaching a village. Motorists are also not stopping at stop streets in Stanford. Ms Ward requested that the 4-way stop on the corner of Queen Victoria and Moore Street be investigated, as well as the traffic problems which occur in the mornings at the taxi rank. Mr L Isaacs was introduced to the meeting and he requested that a complaint be submitted to Ms Ferreira so that the problem can be investigated. He reported further that speed control will always be part of ongoing training amongst motorists. The chairperson requested that, because May/June 2012 is child protection month, Mr Myburgh addressed a letter to the traffic department in this regard. Ms Ward requested that a white line be established in Dreyer Street and children be educated to only make use of the pedestrian crossing.

**KENNIS GENEEM /** NOTED

5. <u>**SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE /** MATTERS ARISING FROM MINUTES</u>

5.1 **Working for the Coast (Khoisan Implementing Agent) : Progress Report**

**Die notule van die vergadering wat Me Ferreira met Khoisan gehou het, word ter tafel gelê. Die operasionele werksaamhede van die organisasie is sedert die laaste vergadering afgeskaal, aangesien werkers opleiding ontvang het. 'n Dokument wat handel oor riete-beheer is ontvang van Me B Whittaker en word ook ter tafel gelê. Die voorsitter versoek dat Mnr Frith 'n vergadering belê met Me Whittaker, die Stanford Bewaringsvereniging en Liaan Geldenhuys, asook Mnr Pierre de Villiers, Kaapse Natuurbewaring se verteenwoordiger vir opvanggebiede om vas te stel of 'n studie in hierdie verband geloods kan word.**
The minutes of the meeting which was chaired by Ms Ferreira with Khoisan, was tabled. The operational activities of Khoisan was scaled down since the last meeting, as workers received training. A document addressing the removal of reeds which was received from Ms Whittaker, was also tabled. The chairperson requested that Mr Frith set up a meeting with Ms Whittaker, the Stanford Conservation Trust, as well as Liaan Geldenhuys, together with Mr Pierre de Villiers, Cape Nature's estuaries manager, to determine if a study can be done in this regard.

**KENNIS GENEEM /** NOTED

5.2 **Kapitaalprojekte 2011/2012 : Wyk 11 : Vorderingsverslag /**
Capital Projects 2011/2012 : Ward 11 : Progress Report

**Mnr Myburgh rapporteer soos volg:**

**Sokkerveld: begroting is 100% gespandeer. Die veld is gelykgemaak en bogrond is bestel.**
**Indringerplantegroei: voltooi.**
**Herstelwerk aan Sypaadjies, Queen Victoriastraat: Voltooi.**
**Waterkwaliteit: Fondse is geherallokeer.**
**Publieke Toilette: Begraafplase: Fondse is geherallokeer.**
**Opgradering van Stanford Gemeenskapsaal: die oorblywende fondse word deur voorsieningskanaalbestuur hanteer as 'n LLP-projek.**
**Instandhouding, Stanford Sportvelde: totale bedrag was begroot. Ysterhekke is bestel**
**Ontbossing, Eluxolweni: Projek voltooi.**
**Kweekhuis (Groente): diensverskaffer is aangestel.**
**B'Bos Gemeenskapsaaltoerusting: voltooi.**
**Opgradering van toerismefasiliteite: voltooi.**
**Nuwe straatname: Afgehandel.**
**Betonbanke en tafels: Afgehandel.**
**Publieke Oopruimtes, Baardskeerdersbos: Afgehandel.**
**Stormwaterdreinering-meesterplan, Stanford: Die konsultante se verslag is voltooi en word op 18 Mei 2012 aan die administrasie voorgehou. Sal by die volgende vergadering voorgelê word.**

**Spoedbulte: Die kontrakteurs wat die verhewe kruisings in Thembilihle moet vestig, is aangestel.**

Mr Myburgh reported as follows:

Soccer field: budget is almost 100% spent. The surface was levelled and top soil was ordered.
Alien Vegetation: On schedule.
Rapair pavements, Queen Victoria Street: Completed.
Water Quality Monitoring: Reallocated.
Public Toilets, Cemeteries: Reallocated.
Upgrading Stanford Community Hall: The remainder of the funds is now with supply chain management and the project will be handled as a LLP project.
Maintenance of Stanford Sports Fields: Total amount has been budgeted for. Iron gates were ordered.
Bush-clearing, Eluxolweni: Project is completed.
Hot-house (vegetables): Service provider was appointed.
B’Bos Community Hall Equipment: Completed.
Upgrade of Tourist Facilities: Completed.
New Street Names: Completed.
Concrete Benches and Tables: Completed.
Storm Water Drainage Master Plan, Stanford: Consultants will submit their report to the administration on 18 May 2012, and the report will be submitted at the next meeting.
Speed Bumps: The contractors for the construction of the raised intersections in Themblihle was appointed.

**KENNIS GENEEM /** NOTED

5.3 **Erfskoonmaakbeleid /** Plot-clearing Policy

**Reeds bespreek onder item 4.2 /** Already dealt with under item 4.2

5.4 **Gebruik van Bootlanseerplekke /** Using of Boat-launching Sites

**Mnr Liaan Geldenhuys verduidelik aan die vergadering dat die Departement van Omgewingsake ‘n tyd gelede 21 bootlanseerplekke langs die kus geïdentifiseer het wat geregistreer moet word, waarvan 9 in die Overstrand. Stanford se bootlanseerplek is een van dié wat geïdentifiseer is. Mnr Myburgh berig dat dit nie die verantwoordelikheid van die munisipaliteit is om bootlanseerplekke te registreer nie. Mnr Geldenhuys sal die wykskomitee op hoogte hou. ‘n Aansoek vir die registrasie van Buffeljacht se bootlanseerplek is ontvang.**
Mnr Liaan Geldenhuys reported that the Department of Environmental Affairs identified 21 slipways along the coast which must be registered, of which 9 are in the Overstrand. Stanford slipway is one of those to be registered, but Mr Myburgh reported that it is not the responsibility of the municipality to register slipways. Mr Geldenhuys will keep the ward committee informed. An application was received for the registration of the Buffeljacht boat-launching site.

**KENNIS GENEEM /** NOTED

5.5 **Wykskomitees : Verteenwoordigers van Verkose Organisasies vir Rapportering van hul Algemene Jaarvergaderings (AJV’s) /**
Ward Committees : Representatives of Elected Organisations to Report on Their Annual General Meetings (AGM’s)

**Al die organisasies van wyk 11 se notules is ontvang en die aangeleentheid word as afgehandel beskou.**
All minutes of the organisations of ward 11 were received and the matter is regarded as finalised.

**KENNIS GENEEM /** NOTED

5.6 **Optrede teen Onwettige Besighede /**
Action Against Unauthorised Businesses

**Tydens ‘n vergadering wat gehou is met die direkteur: beskermingsdienste, SAPD, polisieforum en ander rolspelers is besluit dat die optredes teen onwettige besighede nie voortgesit kan word alvorens daar nie ‘n toepaslike proses in plek is nie. ‘n Vergadering met die uitvoerende burgemeester en munisipale bestuurder is vir 24 Mei 2012 belê, waartydens ‘n toepaslike proses vasgestel sal word. Eienaars kry intussen die geleentheid om hul besighede te wettig, deur vir handelslisensies aansoek te doen.**
During a meeting which was held with the director: protection services, SAPS, police forum and other roleplayers, it was decided that actions against illegal businesses should be held in abeyance until a proper process is established. A meeting with the municipal manager and executive mayor in this regard is scheduled for 24 May 2012. In the mean time owners have a fair opportunity to legalise their businesses.

**KENNIS GENEEM /** NOTED

5.7 **Early Childhood Development Centres**

**‘n Opvolg-vergadering vind plaas om 18:30 op 17 Mei 2012.**
A follow-up meeting will take place on 17 May 2012 at 18:30.

**KENNIS GENEEM /** NOTED

6. <u>**NUWE SAKE** / NEW MATTERS</u>

6.1 <u>**Voorleggings aan Portefeuljekomitees, Uitvoerende Burgemeester en Raad** / *Submissions to Portfolio Committees, Executive Mayor and Council*</u>:

**Afdeling A : Finansies en Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling /**
*Section A : Finance and Local Economic Development*

1. **Afskryf van Oninbare Skuld /**
Writing Off of Irrecoverable Debt

**BESLUIT:**

**Dat die aanbeveling soos vervat in die voorlegging, ondersteun word.**

RESOLVED:

That the recommendation as submitted in the item, be supported.

**Die voorsitter sal tydens die portefeulje vergadering navraag doen hoekom deernishulp-rekeninge so hoog is.**
The chairperson will enquire during the portfolio committee meeting why indigent accounts are so high.

2. **Dienslewerings- en Begrotingsimplementeringsplan (SDBIP) : Derde Kwartaallikse Verslag : Januarie – Maart 2012 /**
Service Delivery and Budget Implementation Plan (SDBIP) : Third Quarterly Report : January – March 2012

**BESLUIT:**

**Dat die aanbeveling soos vervat in die voorlegging, ondersteun word.**

RESOLVED:

That the recommendation as submitted in the item, be supported.

**Afdeling B : Bestuursdienste**
*Section B : Management Services*

**Geen /** None

**Afdeling C : Gemeenskapsdienste**
*Section C :Community Services*

1. **Behuising : Uitfaseringsprojek : Verbeterde Uitgebreide Afslag-voordeelskema (EEDBS) /**
Housing : Phasing Out Project : Enhanced Extended Discount Benefit Scheme (EEDBS)

**Die doel van hierdie oefening is om bewoners van huise wat nog steeds in die munisipaliteit se naam geregistreer is, in staat te stel om hul eie transportaktes te bekom.**
The purpose of this exercise is to enable residents of dwellings which are still registered in the name of the municipality, to obtain their own title deeds.

**BESLUIT:**

**Dat die aanbeveling soos vervat in die voorlegging, ondersteun word.**

RESOLVED:

That the recommendation as submitted in the item, be supported.

**Afdeling D : Beskermingsdienste /**
*Section D : Protection Services*

1. **Kwartaallikse Moniteringsverslag vir die Periode Januarie 2012 tot Maart 2012 : Direktoraat: Beskermingsdienste /**
Quarterly Monitoring Report for the Period January 2012 to March 2012 : Directorate: Protection Services

**BESLUIT:**

**Dat die aanbeveling soos vervat in die voorlegging, ondersteun word.**

RESOLVED:

That the recommendation as submitted in the item, be supported.

**Afdeling E : Infrastruktuur en Beplanning /**
*Section E : Infrastructure and Planning*

1. **Stadsbeplanningsverslag met betrekking tot Aansoeke Oorweeg ingevolge Gedelegeerde Bevoegdheid : Mei 2012** /
Town Planning Report with regard to Applications Considered in terms of Delegated Authority : May 2012

**BESLUIT:**

**Dat die aanbeveling soos vervat in die voorlegging, ondersteun word.**

RESOLVED:

That the recommendation as submitted in the item, be supported.

2. **Verhuring van Verskeie Gedeeltes Munisipale Eiendom in die Overstrand Gebied vir die Voorsiening, Oprigting, Onderhoud en Bestuur van Verligte Straattekens met Advertensietekens Daarop : Directosign (North) (Pty) Ltd /**
Lease of Various Portion of Municipal Property in the Overstrand Area for the Provision, Erection, Maintaining and Operation of Illuminated Street Signs with Advertising Panels Thereon : Directosign (North) (Pty) Ltd

**BESLUIT:**

**Dat die aanbeveling soos vervat in die voorlegging, ondersteun word.**

RESOLVED:

That the recommendation as submitted in the item, be supported.

**Section F : Submissions to Executive Mayor and Council /**
*Afdeling F : Voorleggings aan Uitvoerende Burgemeester en Raad*

**Geen /** None

**NUWE SAKE /** *NEW MATTERS*

6.2 **Stadsbeplanningsaansoeke Geadverteer vir Kommentaar /**
Town Planning Applications Published for Comments

**Geen /** None

6.3 **Wetstoepassing – Geregtelike Optredes : April 2012 /**
Law Enforcement – Legal Actions : April 2012

**KENNIS GENEEM /** NOTED

6.4 **Hersiene Wykskomiteebeleid vir 2012/2013 /**
Revised Ward Committee Policy for 2012/2013

**KENNIS GENEEM /** NOTED

6.5 **National Lotteries Board : Confirmation of Grant Payment : Overstrand Municipality (R500 000)**

**The grant payment was now received, after it was 18 months overdue. Planning of the sports fields can now commence and the necessary detail will be included in next month’s agenda.**

**KENNIS GENEEM /** NOTED

6.6 **OMAF-vergadering : 23 Mei 2012 /**
OMAF Meeting : 23 May 2012

**Die uitnodiging na bogemelde vergadering word aan OMAF-verteenwoordigers uitgedeel.**
The invitation to the above-mentioned meeting was handed out to OMAF representatives.

**KENNIS GENEEM /** NOTED

7. **Datum, Tyd en Plek van Volgende Vergadering** / Date, Time and Venue of Next Meeting

**<u>BESLUIT</u>:**

**Dat die volgende vergadering om 09:00 op Donderdag, 14 Junie 2012 gehou word.**

<u>RESOLVED</u>:

That the next meeting be held on Thursday, 14 June 2012 at 09:00.

**Die vergadering verdaag om 10:45**
The meeting adjourned at 10:45